DEEL 118 | WEEK 33 | 14 AUGUSTUS 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT'S ONLY A RUMOUR



# Winterramp eis swaar tol

## *Groot verliese aan vee en wild*

Terwyl Heilbronners gehoop het om sneeu te sien, is die gebied eerder deur sterk winde, swaar reën en ysige koue geteister.

Die gure winterweer het wydverspreide skade in Heilbron en omliggende gebiede veroorsaak. Sterk winde het groot bome ontwortel en sommige huise se dakke is afgewaai. Elektrisiteitsinfrastruktuur is ook beskadig, met kragonderbrekings wat in verskeie gebiede voorgekom het.

Die grootste slag is egter deur die landbousektor gevoel. Talle boere en wildboere het weens die nat en uiters koue toestande groot finansiële verliese gely nadat waardevolle vee en wild gevrek het.

'n Bekende wildboer in die Heilbron-distrik het volgens inligting byna 100 buffels verloor. In die Oranjeville-distrik het 'n ander boer na bewering 60 buffels, asook gemsbokke en swartwitpense, verloor. 'n Wildboer op die Vegkop-pad het ook verskeie buffels aan die koue afgestaan.

Die verliese is nie net tot wild beperk nie. Talle beesboere in die Riemland-omgewing het ook beeste verloor. Onder hulle is Peet Claasen van die Moedersdeel-distrik, wat volgens inligting 24 beeste weens die koue verloor het.

Boere moes die naweek onder uiters moeilike omstandighede probeer om hul diere teen die koue en aanhoudende reën te beskerm. Die kombinasie van deurdringende reën en ysige temperature het dit vir baie boere uiters moeilik gemaak om hul vee aan die lewe te hou.

Berigte uit Metsimaholo en Oranjeville dui daarop dat plaaslike boere steeds sukkel om hul vee teen die uiterste weerstoestande te beskerm. Boere het alles in hul vermoë gedoen om diere te red, maar die koue het reeds groot verliese geëis.

Met die omvang van die verliese wat reeds onder boere aangemeld word, sal dit belangrik wees dat die skade so gou moontlik behoorlik gedokumenteer word.

Plaaslike landbou-organisasies kan 'n opname onder boere doen om die omvang van die skade vas te stel. Besonderhede oor die aantal diere wat gevrek het, die tipe en getal vee en wild wat verlore gegaan het, asook ander skade wat direk deur die uiterste weerstoestande veroorsaak is, sal nodig wees om 'n volledige beeld van die situasie te verkry.

Hierdie inligting en statistieke kan vervolgens gebruik word om 'n formele versoek om hulp aan die provinsiale regering te rig. 'n Behoorlike skadebepaling is noodsaaklik wanneer daar om rampbystand aansoek gedoen word.

Die provinsiale rampbestuurstrukture sal die omvang en aard van die skade moet beoordeel en die nodige aanbevelings aan die provinsiale regering voorlê. Indien die skade van so 'n omvang is dat dit nie met bestaande hulpbronne voldoende hanteer kan word nie, kan die proses vir die klassifikasie en verklaring van 'n ramp ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) gevolg word.

Die LUR vir Landbou kan op grond van die inligting en skadeverslae met die provinsiale regering en ander relevante strukture skakel om die omvang van die krisis te bespreek. Indien die provinsiale kabinet die situasie as 'n ramp klassifiseer en die nodige verklaring volg, kan dit die weg baan vir spesifieke hulpmaatreëls waarvoor boere kan aansoek doen.

'n Rampverklaring beteken egter nie dat elke boer outomaties vir vergoeding kwalifiseer nie. Die beskikbare hulp, die kriteria daarvoor en die wyse waarop boere kan aansoek doen, sal afhang van die spesifieke rampverklaring en die hulpmaatreëls wat ingestel word.

Vir boere wat reeds groot hoeveelhede vee en wild verloor het, sal 'n akkurate opname van die verliese daarom van groot belang wees. Elke verlore dier moet aangeteken word sodat die werklike omvang van die finansiële skade sigbaar gemaak kan word.

Die strawwe winterweer het ook elders in die Vrystaat skade veroorsaak. Daar is berigte van huise wat in Koppies beskadig is en dakke wat afgewaai het, asook skade aan Bodikela Primêre Skool in Bethlehem. Elektrisiteitsinfrastruktuur is in verskeie gebiede beskadig, terwyl Heilbron, Villiers en Deneysville onder kragonderbrekings deurgeloop het.

Vir boere en inwoners in die Riemland was die naweek veel meer as net 'n koue wintersnaweek. Vir sommige het dit 'n verwoestende finansiële terugslag geword, met die verlies van waardevolle vee, wild en infrkstruktuur. Die winter het dalk nie die sneeu gebring waarop Heilbronners gehoop het nie, maar hy het beslis gewys dat sy koue hand 'n verwoestende uitwerking kan hê.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## *Jongmense: Vandag se potensiaal, môre se leiers*

***• Elmarie Els-Hammann***

Elke jaar op 12 Augustus vier die wêreld Internasionale Jeugdag – 'n dag wat die belangrike rol van jongmense in die ontwikkeling van gemeenskappe en lande beklemtoon. Dit is ook 'n geleentheid om stil te staan by die uitdagings wat baie jongmense daagliks in die gesig staar, asook die geleenthede wat hulle nodig het om hul volle potensiaal te bereik. Jongmense is nie net die leiers van môre nie; hulle maak reeds vandag 'n verskil. Hulle bring nuwe idees, kreatiwiteit, energie en 'n vars perspektief na skole, werkplekke en gemeenskappe. Wanneer jongmense die geleentheid kry om hul talente te ontwikkel, kan hulle 'n positiewe impak maak wat vir geslagte voortduur.

Tog leef baie jongmense met uitdagings soos werkloosheid, armoede, geestesgesondheidsuitdagings, dwelmmisbruik, geweld en beperkte toegang tot onderwys en vaardigheidsontwikkeling. Hierdie uitdagings kan hul selfvertroue en toekomsdrome beïnvloed. Daarom is dit noodsaaklik dat gesinne, skole, kerke, besighede en gemeenskapsorganisasies saamwerk om jongmense te ondersteun en te bemagtig.

Vir sommige kinders en jongmense is die pad na volwassenheid selfs moeiliker. Kinders wat in alternatiewe sorg woon, soos in kinder- en jeugsorgsentrums, het dikwels trauma, verlies of verwaarlosing ervaar voordat hulle in 'n veilige omgewing geplaas is. Tog wys baie van hierdie jongmense buitengewone veerkragtigheid. Met die regte ondersteuning, liefde, begeleiding en geleenthede kan hulle hul drome verwesenlik en suksesvolle, verantwoordelike volwassenes word.

Kinder- en jeugsorgsentrums speel 'n belangrike rol om hierdie jongmense voor te berei vir onafhanklike lewe. Benewens 'n veilige tuiste ontvang hulle emosionele ondersteuning, terapeutiese dienste, opvoedkundige hulp en lewensvaardighede wat hulle toerus om met selfvertroue die toekoms tegemoet te gaan. Hierdie werk kan egter nie in isolasie gedoen word nie. Die betrokkenheid van die gemeenskap, plaaslike besighede, kerke en vrywilligers maak 'n waardevolle verskil in die lewens van hierdie kinders.

As volwassenes het ons die verantwoordelikheid om veilige ruimtes te skep waar jongmense gehoor, gerespekteer en aangemoedig word. Dit beteken om na hulle te luister, hulle by besluitneming te betrek, mentorskap te bied en geleenthede te skep waarin hulle kan leer, groei en verantwoordelikheid aanvaar. Hier in ons eie gemeenskap sien ons daagliks hoe jongmense, ten spyte van uitdagings, deursettingsvermoë, talent en vasberadenheid toon. Hulle verdien die kans om te droom, te leer en 'n betekenisvolle bydrae tot die samelewing te lewer.

Laat Internasionale Jeugdag ons herinner dat die belegging wat ons vandag in ons jongmense maak, die fondament lê vir 'n sterker, veiliger en meer hoopvolle toekoms. Elke kind verdien iemand wat in hom of haar glo, en elke jongmens verdien die geleentheid om sy of haar potensiaal te ontdek. Wanneer ons saamwerk om jongmense te ondersteun – veral dié wat die grootste uitdagings ervaar – bou ons nie net aan hul toekoms nie, maar aan die toekoms van ons hele gemeenskap.

Soos die bekende Afrika-gesegde lui: "Dit verg 'n hele gemeenskap om 'n kind groot te maak." Mag ons elkeen ons deel doen om jongmense met liefde, leiding en geleenthede toe te rus sodat hulle met hoop en selfvertroue die toekoms kan tegemoetgaan.

# Huppel Trippel hou 'n lagdag



Sports en lawwigheid was aan die orde op 'n ysige wintersdag. Die dapperes wat nie deur die ysbere gevang is nie, kon sommer net lekker saamlag vir dinge soos om jou hand in 'n swart sakkie vol grillerige goeters te steek en te probeer identifiseer wat jy voel. Of om stomstreke te speel. Verder was daar 'n paar idiome wat met lyftaal verduidelik moes word. Of om te sien hoe jy sou lyk met Carika Keuzenkamp se oë of Steve Hoffmeyr se mond. Gé Korsten se mond en Mimi Coertse se oë was ook baie gewild. Wilmien Naude het weer gesorg vir 'n heerlike soetigheid. Op 25 Augustus doen die lede weer die beproefde NOOT-VIR-NOOT saam met Martie.

# UIT DIE PEN:

## *Week 33*

Al ooit gehoor van die bedrieërsindroom? In Engels word dit die imposter syndrome genoem.

Bedrieërsindroom is 'n sielkundige patroon waar mense aan hul vaardighede of sukses twyfel. Hulle voel soos 'n bedrieër en vrees dat ander sal uitvind dat hulle nie werklik bekwaam is nie, selfs wanneer hulle bewys het dat hulle hard werk en goed presteer.

Hierdie mense skryf hulle sukses toe aan suiwer geluk, goeie tydsberekening of dalk hulp van ander, in plaas van persoonlike vaardigheid. Hulle stel onmoontlike doelwitte aan hulself en aan ander en voel soos 'n mislukking as dinge nie perfek is nie. Hulle vrees dat iemand hulle werk gaan evalueer, of dat iemand hulle as 'n mislukking gaan sien. Hulle is dikwels oorwerk.

Tot met die einde van Januarie hierdie jaar was ek onderwerp aan sogenaamde “mentorskapsessies” wat elke twee weke plaasgevind het. Dit was ek, die man van menslike hulpbronne en 'n stok ou oom.

My pos, vanaf Maart verlede jaar, was om toesig en opsig te hou oor die ontwikkeling van die leerbestuurstelsel wat toe al twee jaar lank sloer. Daar was nooit 'n aangewese persoon wat direk met die ontwikkelaar gewerk het nie. As gevolg van ons vorige baas wat hom so mildelik aan ons maatskappy se geld gehelp het, was daar herstrukturering, en dis toe dat ek die pos gekry het.

Saam met die man van menslike hulpbronne en die ou omie.

Dit was, om die minste te sê, senutergend om elke twee weke deur die twee ondervra te word. Die ou omie het nie altyd onthou wat hy twee of drie onderhoude gelede vir my gevra het nie. Gedurende die mentorsessies het hy dan sommer met 'n vraag uitgeval wat geensins iets met my werksbeskrywing te doen gehad het nie.

Intussen het die base besluit om hierdie leerbestuurstelsel te stop en van 'n ander diensverskaffer gebruik te maak. Die volgende dag het ek met 'n potplant en 'n boksie met van die goeters in my laaie by die huis aangekom. Vir ingeval iemand my deur die loop van die maand gaan afdank, laat my ten minste toe om my goed huis toe te neem, dink ek.

So is ek toe nie afgedank nie, maar teruggeplaas in my vorige pos. Ek het salaris ontvang, al het ek gevoel asof ek geen duit verskil gemaak het nie. Ek het geroei en gestoei met die ontwikkelaar, het net drie dae in Desember gehad om met familie deur te bring. Die res was ek binne-in kantore van die ontwikkelaar terwyl my kollegas heerlik vakansie hou.

Vroeër hierdie jaar moes ons geëvalueer word. Jy evalueer jouself, 'n kollega evalueer jou en die grootbaas. Op grond hiervan kan jy kwalifiseer vir 'n bonus.

Waar ek my toe in 'n ander bloedgroep in skrik. Ek het gekwalifiseer vir 'n bonus! Ek het selfs 'n terugvoervergadering gehad waarin my beste en my swakste eienskappe bespreek word. Baie insiggewend.

Hoe kom ek dan nou vandag by die *imposter* syndrome uit? Want ek is altyd stomverbaas dat iemand my 'n salaris wil betaal vir my diens, my kennis en my ervaring. Wie op aarde doen sulke goed? En om alles te kroon, kry ek toe 'n ekstra ook by. Waaroor ek baie dankbaar was.

Maar sê nou net, sê nou net dat ek nie regtig goed is in my werk nie? Sê nou net dat iemand eendag gaan sê dat ek nie my werk gedoen het nie? Dalk werk ek nie hard genoeg nie en dalk is ek te ongeskik oor die foon. Dalk is my e-posse te kortaf en dalk ken ek nie die beleide waarmee ek werk nie.

Ek het verlede week verjaar. Wanneer ek verjaar, skryf ek gewoonlik die name van die persone neer wat my geluk gewens het met my verjaarsdag. Nee, ek hou nie boek van die kwade nie. Wanneer daar dan dae kom waar ek op 'n emosionele slegte plek is, kyk ek terug na die lys name en dink by myself: kyk wie het almal aan my gedink. Ek kan myself bevoorreg ag dat daar sulke mense in my lewe is.

Maar sê nou net hulle hou nie regtig van my nie? Dalk het iemand vir iemand anders vertel dat ek verjaar, en toe bel hulle my maar uit pligsbesef. Of dalk het hulle slegs 'n verjaarsdagwens gestuur omdat Facebook 'n klaargemaakte boodskap het wat jy net moet stuur. Of omdat hulle op ChatGPT wou oefen hoe om verjaarsdagkaatjies te maak.

En so loop my kop draaie en smokkel met my selfbeeld.

Ek gaan lees toe op: ek is nie die enigste mens wat so voel nie. Daar is 'n naam vir hoe ek voel. Die bedrieërsindroom. Blykbaar ly baie mense daaraan.

Jy werk en doen jou beste, maar diep binne-in jouself voel jy asof jy nie genoeg doen nie.

Net voor die terugvoervergadering oor my goeie en swakpunte, het ek met die man van menslike hulpbronne gesels. Ek sê toe dat ek nie kan verstaan hoe iemand vir my 'n salaris wil gee vir wat ek doen nie. (Ek het heimlik gewens dat hy nie die geleentheid moet aangryp om my daar en dan my salaris te ontneem nie.)

Sy antwoord was: “Moenie jouself so laag skat nie. Jy doen baie en jou maatskappy betaal graag daarvoor.”

Hierdie week het ek geleer, en moes dit oor en oor vir myself sê, dat ek dit werd is. Dat ek my beste gee en selfs my vakansies opoffer om vir my werkgewer te wys dat ek ernstig is oor my werk.

Ons doen dit almal, behalwe as jy 'n narsis is. (Narsis is mos die nuwe buzzword.) As jy voel dat jy nie genoeg doen nie, werk tot daar waar jy kan, doen wat jy moet met dit wat jy het.

Want ons is tog almal die moeite, liefde en geld werd.

# Gimnaste kwyt hulle goed van hulle taak

Die Heilbron Gimnastiekklub het op Saterdag, 8 Augustus aan 'n vriendskaplike gimnastiekkompetisie in Bloemfontein deelgeneem.

Level 1-gimnaste van Heilbron en Reitz het aan die kompetisie deelgeneem. Vir die meeste van die jong gimnaste was dit hul eerste gimnastiekkompetisie, wat die dag 'n besonderse ervaring gemaak het.

Die gimnaste het hulle goed van hul taak gekwyt en met groot entoesiasme aan die kompetisie deelgeneem. Die geleentheid het die jong gimnaste die kans gebied om hul vaardighede te toets, waardevolle kompetisie-ervaring op te doen en selfvertroue op te bou.

**Die volgende Heilbron-gimnaste het besonder goed presteer:**


- Anuchke Mienie – 34,65 punte, silwer
- Lianke Keogh – 34,60 punte, silwer
- Johanke de Vries – 34,40 punte, silwer
- Gabby Quinta – 34,30 punte, silwer
- Marike de Vries – 34,25 punte, silwer
- Nika van der Westhuizen – 33,40 punte, brons
- Lianelle Moyo – 33,40 punte, brons
- Ora van Zyl – 32,90 punte, brons
- Nella Slabbert – 31,55 punte, brons
- Sophia Slabbert – 32,55 punte, brons
- Lo-Jané van Zyl – 31,50 punte, brons
- Carlize Fick – 32,95 punte, brons
- Wilomé van den Berg – 33,39 punte, brons
- Lilly Quinta – 33,70 punte, brons
- Leané Beukes – 33,20 punte, brons

Vir die meeste van die deelnemers was dit hul eerste keer op 'n kompetisievloer, en hul prestasies is daarom des te meer besonders. Elke gimnas het waardevolle ervaring opgedoen en 'n geleentheid gekry om te wys wat hulle tydens hul oefeninge geleer het.



Die Heilbron Gimnastiekklub is trots op elkeen van die gimnaste en hul prestasies. Die klub se harde werk en toewyding beloof goeie dinge vir die toekoms, en daar kan met groot opgewondenheid uitgesien word na die gimnaste se volgende kompetisies.




# Ngwathe se elektrisiteitsverkope behoort Donderdag te normaliseer

Ngwathe plaaslike Munisipaliteit het aangekondig dat die migrasie na 'n nuwe elektrisiteits-verkoopstelsel na verwagting teen Donderdag, 13 Augustus, afgehandel sal wees, maar teen druktyd was dit nog nie in werking nie. Volgens die munisipaliteit word daar tans hard gewerk om tegniese uitdagings tydens die oorgang op te los. Slegs Capitec Bank se stelsel is volgens die munisipaliteit sedert die naweek operasioneel. Geregistreerde behoeftige huishoudings word versoek om elektrisiteit aan te koop om toegang tot hul gratis basiese dienste te verkry. Inwoners wat steeds probleme ondervind, kan die munisipale kantore besoek. Die elektrisiteitspan werk ook deur 'n lang lys inwoners wat reeds vir hulp geregistreer het.

Die munisipaliteit het inwoners bedank vir hul geduld en samewerking tydens die migrasieproses.






# Hoërskool Heilbron se top presteerders - Kwartaal 2



























# KENNISGEWINGS

**NOTICE OF SALE**
**AUCTION**
In the Magistrate's Court for the district of Reitz, held at Reitz
**Case No.: 20/2024**
***In the matter between:***
**ESAIAH MOQEBELO MOTAUNG**
*Plaintiff*
and
**PETRUS CHRISTOFFEL POTGIETER**
(ID No. 591011 5076 080)
*Defendant*
In terms of a Judgment issued on the 23rd of July 2025, in the Magistrate's Court of, Reitz and a Warrant thereafter issued on 30 March 2026, will the goods mentioned below be sold in execution on the 4th September2026 at 12:00 at 22 De Wet Street, Reitz, held by Sale in Execution which can be purchased by the highest bidder and consists of the following:
**GOODS:**
**10 x Merino Sheep R25 000.00**
**Total R25 000.00**
**Take further notice that:**
1. This is a sale in execution pursuant to a Judgment obtained in the above court.
2. Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff Reitz, 22 De Wet Street, Reitz.
3. Registration s a buyer, subject to certain conditions, is required i.e.:
3.1 directions of the Consumer Protection Act 68 of 2008. (URL http://www.info.gov.za/view?DownloadFileAction?id-99961);
3.2 Fica-legislation i.r.o. identity & address particulars;
3.3 payment of refundable registration monies;
3.4 registration conditions.
4. The office of the Sheriff Reitz will conduct the sale with auctioneers WF Minnie.
5. Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according to court rules will apply,
Dated at Bloemfontein on this 23rd day of July 2026.
**J VAN DER VYVER**
**ATTORNEY FOR EXECUTION CREDITOR**
**KRAMER WEIHMANN INC.**
**KW BUILDING**
**24 BARNES STREET**
**WESTDENE**
**BLOEMFONTEIN**
**TEL 051 411 4000**
**E-MAIL: tanya@kwinc.co.za**
**REF: CW1346/tc**
To:
Sheriff For the Magistrate's Court
Reitz

Form J193
**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**
All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **3901/2026**
Surname: **Venter**
First Names: **Sheila**
Date of Birth: **1947-02-12**
ID Number: **470212 0052 086**
Last Address: **18 du Plessis Street, Petrus Steyn, 9640**
Date of Death: **2026-01-15**
Master's Office: **Bloemfontein**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Michael Andrew Smith**
Address of Executor or Authorised Agent:
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name:
**Van Zyl-Fourie Attorneys**
Address: **16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
E-Mail: **info@vzfattorneys.net**
Date Submitted: **2026/07/22**
Tel: **083 547 9244**
For publication in the Government Gazette on:
**2026/08/14**


BESIGHEIDSURE
POSTNET HEILBRON
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006



• Health and Safety Act
• Employment Equity Act
• Basic Conditions of Employment Act
44 Els Street, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National


**KENNISGEWING**
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOZUA FRANCSOIS KLOPPER,**
Identiteitsnommer: 431103 5012 08 4, in lewe 'n Pensionaris woonagtig te
Clarkstraat 2, Reitz, 9810, Geskei.
**DATUM VAN AFSTERWE: 01 JULIE 2024**
**BOEDELNOMMER: 006308/2024**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, BLOEMFONTEIN, en die Landdros te REITZ periode van 21 (EEN-EN-TWINTIG) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen beware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde typerk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29,**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

# BETREKKING

Adeline seeking for a piece job for 2 days Tuesday and Thursday for Cleaning / Washing and Ironing.
**CONTACT 073 167 9096**
*Have reference.*

# TE KOOP - TE KOOP

VOER TE KOOP
Kontak 083 688 8256





Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National




FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE
**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.




# SMALLS

**Vir enige nuus en advertensies vir die**
**Heilbron Herald**
**Kontak Hendie 058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**
**Elsstraat 44, Heilbron**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Heilbron Rolbalklub se Vleisfees ’n reuse sukses



Die Heilbron Rolbalklub se jaarlikse Vleisfees het op 8 en 9 Augustus plaasgevind en het weereens bewys waarom dié geleentheid besig is om ’n prestigegeleentheid op Heilbron se kalender te word.

Die Vleisfees was vanjaar ’n uiters suksesvolle geleentheid, met rolbalspelers en besoekers wat die naweek op Heilbron toegesak het vir ’n dag van sport, lekker kuier en goeie geselskap.

Die sukses van die geleentheid was duidelik te sien aan die positiewe terugvoer van die deelnemers. Soos die spanne na afloop van die naweek vertrek het, het sommige reeds hul plek vir 2027 bespreek – ’n duidelike teken dat die Vleisfees jaarliks groter en gewilder word.

Die Heilbron Rolbalklub spreek sy opregte dank en waardering uit teenoor elke borg en ondersteuner wat ’n bydrae gelewer het om die dag moontlik te maak.

“Ons wil elkeen wat betrokke was, van harte bedank vir hul ondersteuning. Sonder ons borge en die gemeenskap se ondersteuning sou ons nie so ’n suksesvolle geleentheid kon aanbied nie,” het die klub gesê.

Die Heilbron Rolbalklub sien reeds uit na volgende jaar se Vleisfees en om die deelnemers wat reeds hul plek vir 2027 bespreek het, weer op Heilbron te verwelkom.





*Wenners van die Vleisfees Rolbaldag.*

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 8 Augustus 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Noupoort gevlieg en die duiwe is om 07:30 gelos en die wen duif is om 14:25 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 502 kilometers. 9 Lede en 343 duiwe het deelgeneem.

1. Du Plessis Hokke
2. Spartan Pigeons 3
3. Inkwe Loft
4. Spartan Pigeons 3
5. Spartan Pigeons 3
6. Spartan Pigeons 3
7. Spartan Pigeons 2
8. Spartan Pigeons 2
9. Heine Hokke
10. Inkwe Loft



*Op die foto is Flippie du Plessis van Du Plessis Hokke met die wenduif nommer 247.*

WINKELURE
OFFICE HOURS
Maandae - Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

VLEISSENTRAAL
Vakature:
Ontvangs persoon/Veilingsklerk
Ligging: Frankfort

Opsoek na 'n jong dinamieke persoon wat onder druk kan funksioneer. Kandidate moet rekenaarvaardig, en in besit wees van 'n geldige rybewys.

**Verantwoordelikhede sluit in:**
• Skakelbord
• Algemene ontvangs pligte
• Hantering van rekeningkundige funksies tydens veilings.
• Afhandeling van veilings en ander take soos benodig.

'n Markverwante pakket ooreenkomstig die pos, wat ook pensioenvoordele insluit, word aangebied.

E-pos 'n volledige CV na: tanjas@vleissentraal.co.za
Aansoeke vir hierdie posisie sluit op 21 Augustus 2026

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING
VLEISSENTRAAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 17 AUGUSTUS 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 18 AUGUSTUS 2026
uDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454
HENDRINA: ASTRO ANGUS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Driefontein
Kontak Chris Bezuidenhout 079 065 1283

WOENSDAG - 19 AUGUSTUS 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500
DANIELSRUS: WISP WILL REDS & ZARISSA SIMBRA
11:00, Veilingskrale
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
WOLMARANSSTAD: SAVM NASIONALE RAMVEILING
11:00, Bona-Bona
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
MIDDELBURG: BEESTEPAN BOERDERY REUSE STAAKBOERDERY
10:00, plaas Beestepan
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

DONDERDAG - 20 AUGUSTUS 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Walth 072 626 9242
DANIËLSRUS Jaarlikse vetvee veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
VREDE: SUIDELIKE HOEVELD DRAKENSBERGER KLUB VEILING
11:00, Veilingskrale
Kontak Carel Davel 082 331 1811

VRYDAG - 21 AUGUSTUS 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
VAL, MPUMALANGA: VAL GRAIN CO BOVELDERS
11:00, Val
Kontak Carel Davel 082 331 1811

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND, PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012436/06
FRANKFORT: 058 813 1071